

Maandag 4 April

Skrifgedeelte: Matteus 7:1-12; HK Sondag 9, Vraag 26

Fokusgedeelte: Matteus 7:11

Ons Vader in die hemel sorg vir ons

Dit is ontroerend dat die groot en almagtige God vir ons 'n Vader wil wees. Dit gryp 'n mens aan dat die Skepper van alle dinge onder al die miljoene geskape dinge nie net aan ons gedink het en nog dink nie, maar dat Hy elkeen van ons by die naam ken (Eks. 33:12, 17; Jes. 45:3, 4; Luk. 10:20; Joh. 10:3). Dit vervul 'n mens met dankbare eerbied en ontsag. Daarby kom ook nog dat Hy ons om Christus ontwil as sy kinders aangeneem het, dat Hy sy vaderlike liefde elke dag aan ons betoon en die ewige saligheid op die nuwe aarde as bestemming gegee het (Ps. 73:23, 24; Joh. 3:16; Op. 21:1). Die Woord getuig duidelik van alles wat God as ons Vader vir ons gedoen het en nog doen: hoe Hy ons na liggaam en siel versorg (Matt. 6:19-34); hoe Hy ons deur die lewe dra (Ps. 68:20; Jes. 46:1-4); hoe Hy voorsien in alles wat ons nodig het (Jes. 58:11; 1 Pet. 5:7).

Christus sê Self: “*As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gewes gee aan die wat dit van Hom vra?*” (Matt. 7:11). En watter goeie gewes het die Vader nie reeds aan ons gegee nie? Hy het Christus aan ons gegee! Die Vader het Jesus Christus as offer aan ons gegee om ons van ons sonde te verlos en ons so tot sy kinders en erfename maak. Verder het die Vader en die Seun aan ons die Heilige Gees gegee wat ons “tot kinders van God maak en ons tot God laat roep: ‘Abba’! Dit beteken Vader” (Rom. 8:15). Die Heilige Gees maak ook al die seëninge en gewes wat Christus vir ons verwerf het, tot ons eiendom as Hy ons deur die geloof aan God verbind.

Hierdie feit dat God om Christus ontwil deur die werking van die Heilige Gees vir ons 'n Vader is, is vir die gelowige 'n groot troos. Hoe donker die toekoms ook mag lyk, dit weet ons met sekerheid: ons almagtige Vader sal in al ons geestelike en stoflike behoeftes voorsien. Christus sê immers ook dat ons ons nie oor kos en klere moet bekommer nie, want “julle *hemelse Vader* weet tog dat julle dit alles nodig het” (Matt. 7:30-32). Verder sê ons Vader tog Self in sy Woord aan ons dat ons al ons bekommernisse op Hom moet werp, want Hy sorg vir ons (1 Pet. 5:7). Ons Vader het sy Seun gegee om ons almal te red. Omdat Hy dit gedoen het, weet ons dat Hy saam met sy Seun aan ons uit genade alles sal gee wat ons vir hierdie en toekomstige lewe nodig het (Rom. 8:32).